*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 21 Junie 2024*

***"A leader takes people where they want to go. A great leader takes people where they don't necessarily want to go, but ought to be" Rosalynn Carter***

## MINISTER DIDIZA EN MINISTER PATEL

Dit is 'n groot verlies vir die landbou, maar 'n groot voordeel vir Suid-Afrika, aangesien Minister Didiza haar pos as Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling (DALRRD) verlaat om die pos as Speaker van die Parlement op te neem. Minister Didiza het vir twee termyne as Minister van Landbou gedien, en bygedra tot 'n paar belangrike mylpale vir die sitrusbedryf. Minister Didiza het in 2004, tydens haar eerste termyn, die protokol onderteken wat toegang vir Suid-Afrikaanse sitrus tot die Chinese mark moontlik gemaak het, en in haar tweede termyn het sy hierdie toegang verder verbeter deur 'n hersiene protokol te onderteken wat voorsiening gemaak het vir hoër-temperatuurverskeping vir suurlemoene na China.
Verlede jaar het die Minister die CGA vereer deur die CGA *Citrus Summit* te open – en haar openingswoorde – "Tough times don't last, tough people do" – sal die tema vir die CGA *Citrus Summit* in 2025 wees.
Minister Didiza was altyd vir konsultasie beskikbaar en het wyse raad gegee terwyl die bedryf die afgelope paar jaar met moeilike tye gesukkel het. Ons wil haar graag bedank vir haar ondersteuning aan die sitrusbedryf, en ons wens haar sterkte toe terwyl sy die land in hierdie belangrike tye dien. Die CGA verbind hom ook daartoe om die Waarnemende Minister van DALRRD, Minister Senzo Mchunu, te ondersteun. Ons sien ook uit daarna om saam met die volgende minister te werk, sodra die nuwe kabinet aangekondig is.
Minister Patel, van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC), sal ook sy pos verlaat aangesien hy uit die staatsdiens tree. Minister Patel was ook 'n groot ondersteuner van die sitrusbedryf. Wanneer hy ook al 'n besoekende afvaardiging huisves, doen hy altyd baie moeite om hulle met trots te vertel van die voedsame en heerlike sitrusvrugte wat in Suid-Afrika geproduseer word. Die Minister was luid in sy siening dat die EU-maatreëls met betrekking tot die invoer van Suid-Afrikaanse sitrus ongeregverdig, onnodig en diskriminerend is. Die CGA waardeer dat die Minister die EU-sitrus maatreëls na die Wêreldhandelsorganisasie se Geskilbeslegtingsraad geneem het om 'n mate van verligting te bewerkstellig, en ons wens hom sterkte toe met sy aftrede.
Die uitsonderlike groeipotensiaal van die sitrusbedryf gee dit 'n unieke plek in die Suid-Afrikaanse landbou en handel. Die CGA weet dat ons belange met dié van 'n regering ooreenstem, wat ekonomiese groei en voorspoed vir almal soek.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo Fokusgroep het die afgelope week vergader en die voorspelde volume effens laer aangepas.

| Einde van Week 24 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 13.3 m | 10.2 m | 10.7 m | 9.1 m | 8.9 m | 16.8 m | **14.5 m** | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 12.4 m | 14.9 m | 14.6 m | 11.4 m | 10.6 m | 43.0 m | 42.7 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 20.0 m | 22.3 m | 19.8 m | 19.9 m | 16.5 m | 37.9 m | 35.8 m | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 11.0 m | 10.4 m | 9.1 m | 6.1 m | 5.2 m | 25.7 m | 21.9 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 2.0 m | 2.2 m | 1.3 m | 0.9 m | 0.3 m | 58.3 m | 55.5 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **58.7 m** | **60.0 m** | **55.5 m** | **47.4 m** | **41.5 m** | **181.7m** | **170.4 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

The Boardwalk Hotel, Summerstrand, Gqeberha
11-13 March 2025
**CGA Citrus Summit**
TOUGH TIMES DON'T LAST, TOUGH PEOPLE DO
Proudly sponsored by Standard Bank

*THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA*